

— PSALMS —

MARIÉ BRITZ | TUSSEN ANGS EN SEKERHEID

CRUX
STUDENTEBEDIENING

HOE IS JY GELEER OM TE BID?

KEN JY DIE ONTNUGTERING VAN GEBED MET VRAE SOOS:

- Is gebed nie maar net 'n stuk selfgesprek nie?
- Is gebed nie maar op die ou end net 'n stuk terapie nie? Is dit nie maar net 'n geleentheid om jou hart uit te praat sonder dat iemand jou in die rede val nie?
- Is gebed nie maar net 'n gesprek met die mure en 'n hardop dink in die rigting van die Niks?

In die boekie Van Ferdinand Deist wys hy daarop dat die oorsaak van ons probleem met gebed lê waarskynlik **tussen ons te groot angs en ons te groot sekerheid**.

SEKERHEID:

- Hy wys daarop dat ons God praat met dieselfde maak en sekerheid as oor gister se rugby. Ons is **onrusbarend seker oor God, asof ons homself uitgedink het en alles van Hom af weet**.
- **Dan op 'n dag kan dit gebeur as jy eerlik is met jouself dat jy besef die sekerhede maak jou benoud en jy is nie so seker oor alles nie.** Op 'n dag kan jy voel dit is vir jou eintlik beter om sonder sekerhede te wees as om met hierdie sekerhede te leef. Want die sekerhede werk nie meer vir jou nie.
- **'n Mens hoef nie noodwendig skuldig te voel net omdat jy onseker is nie**, net omdat jy vrae het wat nie binne die raam van die bekende sisteem 'n antwoord het wat jou bevredig nie.

In die Bybel lees ons van 'n man wat 'n soortgelyke probleem gehad het.

Spreuke 30:2-4

Hy was iemand wat durf wonder het te midde van die sekerhede. Hy was steeds opsoek na die geheim. Hy wou sy geleerde vriende wat so alles weet, 'n keer saam met hom laat wonder, want hulle was ook maar nog nie in die hemel nie. Hy wou hulle nooit om so 'n ietsie van die opwinding van nie te weet nie met hom mee te maak.

Miskien probeer ons God ook te nou verklaar. Miskien het ons beeld van God te eng geword vir die wonder en misterie van God. Miskien laat ons sekerhede oor God geen plek vir die Godsgeheim nie. Sou ons weer soos die Psalmdigter van Ps 139 kan sê: *“U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. Die wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.”*

ANGS:

- Soos ons absolute sekerhede soms ons verhouding met God kan doodmaak, net so kan ons angs ons van alle fantasie ontnem. So het die geheim van God/misterie/grootheid van God en die geheim van die lewe soek geraak tussen te veel angs en te veel sekerheid.

WAT GEBEUR?

Die angs vir die angs laat ons aan ons sekerhede klou terwyl ons weet dat dit onsekerhede is. En so word ons gebede leë woorde teen mure.

GEBEDE UIT DIE BYBEL HELP MY OM TE BID:

1. Gebed hoef nie altyd woorde te he nie. Gebed kan kan woordeloos opkom uit 'n hart wat sommer net wonder. Om verwonderd te wees oor heel alledaagse dinge is om te bid. Om verwonderd te wees oor die mooi natuur, die krag van wind, oor liefde tussen mense – dit is gebed: Ps 8:4-5. *“As ek U hemel aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre, waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan dat u haan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien.”*
2. Net soos daar oomblikke in die lewe kom wanneer jy met jou hele wese oop wil staan voor God in verwondering oor sy werke. Net so kom daar oomblikke wat jy met dieselfde oorgawe jouself teen hom wil verset.

WENKE VIR KLEINGROEPE

- Al is dit eksamen, maak moeite om as kleingroep een keer in die week vir 15 min by mekaar te kom en saam te bid.
- Vind uit wanneer jou groepslede skryf en ondersteun mekaar.
- “Celebrate” die einde van die eksamen saam.

Ps 10:1 en Ps 22:2-16

Daar kom tye soos wat die profeet Jeremia ook beleef het waarop jy die onderskeid tussen vloek en bid nie meer mooi ken nie. 'n Dag waarop jou opstand so warm gloei dat jy liever 'n alleenspraak as 'n gebed tot God wil rig. Jeremia 20:14-18

3. 'n Kreet, 'n roep en trane met of sonder woorde is ook gebed.
4. Gebed is om nie bang te wees vir jou gevoelens nie.
5. Gebed is om voor God en in sy teenwoordigheid aan jou gevoelens uiting te gee. Om te kom nes jy is.